

Pretoria

MUSEUMSKY-EN LIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
19-1-1971
nommer 2A05 (68)
P 1970/64



TYDSKRIF VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA
VERSKYN IN APRIL, AUGUSTUS EN DESEMBER

MAGAZINE OF THE OLD PRETORIA SOCIETY
PUBLISHED IN APRIL, AUGUST AND DECEMBER

Prys : 25c : Price

KERKSTRAAT
SENTRAAL

J. L. VAN SCHAIK'S

POSTBUS 724
TELEFOON 792.

HOLLANDSE EN AFRIKAANSE BOEKHANDEL



Door
Hollandse

en

Afrikaanse

Boeken.

Zo juist verschenen :

KAPTEIN HINDON, Oorlogsavonture van 'n Baas Verkenner.

Deur GUSTAV S. PRELLER.
Prys 5/6, Postvrij 6/-.

Een gamisbaar boek voor iedereen die belang stelt in de Zuid-Afrikaanse geschiedenis.

Schoolgezondheid,


deur Dr. C. Louis Leipoldt.
Prys 2/9, Postvrij 3/-

Een boek vooral voor Ouders en Onderwijzers en allen die belangstellen in Opvoeding en Onderwys.

DIE EESLSKAKEBEEEN deur
Dr. O'Kulis, derde druk. Prys
1/9 of postvrij 2/-.



BIJBELS, PSALM- en GEZANGENBOEKJES,
IN GOEDKOOPSTE en FIJNSTE BINDWIJZE.



Door
School

en

Studie

Boeken



Oorgeneem uit *Die Brandwag*, 10 Desember 1916. Soos destyds voorsien die firma vandag nog in die leesbehoefes van Pretoria.

HISTORIESE ADVERTENSIES

Elders in hierdie uitgawe verskyn 'n advertensie van die firma J. L. van Schaik wat uit **Die Brandwag** van 10 Desember 1916 oorgeneem is. Vir elkeen wat histories ingestel is — en wie is nie? — besit ou koerante en tydskrifte 'n besondere bekoring, veral ook die advertensies wat daarin voorkom. Dit is asof so 'n advertensie aan ons 'n direkte blik gee op die omstandighede en die tyd waarin dit verskyn het. Behalwe dat dit as voorbeeld dien van die heersende pryse vir sekere produkte en artikels (ook indirek van die waarde wat geld toe gehad het), vertolk dit iets van die gees van die tyd, van die behoeftes van die samelewing, van die mode, smaak, kultuur en so voort.

In die bewuste advertensie sien ons dat die firma J. L. van Schaik indertyd bestempel is as die **Hollandse en Afrikaanse Boekhandel**. Om hierdie tweeledigheid te illustreer verskyn daarop 'n ossewa in 'n Suid-Afrikaans landskap, 'n Hollandse windmeule en 'n seilboot. Die boeke wat adverteer word het vir ons ook besondere betekenis. Die Bybels en Psalm- en Gesangboeke is nog in Nederlands, want dit was toe nognie in Afrikaans vertaal nie. C. Louis Leipoldt was een van die Afrikaanse digters uit daardie tyd, maar die boek van hom wat hier aangekondig word, **Schoolgezondheid**, kom voort uit sy bedrywighede as skoolarts en is ook nog in die Hollandse taal. **Kaptein Hindon** van Gustav Preller, een van die twee Afrikaanse uitgawes wat aangekondig word, het intussen 'n blywende plek in ons Afrikaanse historiese literatuur gevind, terwyl elkeen wat bekend is met die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner weet van watter betekenis **Die Eselskakebeen** van Dr. O'Kulis in die destydse stryd om die erkenning van Afrikaans was.

Hierdie laasgenoemde twee werke is van die vroegste Afrikaanse boeke wat die firma Van Schaik uitgegee het. Dit dateer uit die tyd toe die verskyning van 'n Afrikaanse boek nog 'n opspraakwekkende gebeurtenis was. Sedert dien het oor die jare 'n lang reeks Afrikaanse uitgawes by die firma verskyn. Op die wyse het die firma J. L. van Schaik 'n aandeel gehad aan die groei van die Afrikaanse letterkunde en die ontplooiing van die Afrikaanse kultuur. Daarom het die *historiese* advertensie wat ons hier opneem vir ons betekenis. Daarom het dit ook nog advertensiewaarde vir die firma self, al is die boeke wat daarin aangekondig word al lank al uit druk.

Ons hoop om ook nog ander firmas van Pretoria oor te haal om dergelike *historiese* advertensies uit hulle verlede te plaas. Dit geld nie net vir die *ou* firmas wat vandag nog bestaan nie, maar ook vir die wat miskien uit ander firmas voortgekom het en dus ook op 'n lang geskiedenis kan terugkyk. Trouens **Pretoriana** sal graag artikels oor die geskiedenis van firmas plaas indien die gewens ons ter beskikking gestel word.

VAN DIE REDAKSIE.

IN SEARCH OF OLD PRETORIA

Questions which I have been asked almost daily in the past few months are: "However do you find out all the things you put into your Old Pretoria articles?" and "What started you off on this Old Pretoria business?"

To answer the latter question first, I did not initially go in search of Old Pretoria — it came looking for me. This requires a little explanation. My great-grandfather was George Jesse Heys, general merchant and mail coach proprietor in the days of the old South African Republic, and builder, among other things, of Tudor Chambers on Church Square and Melrose House in Jacob Maré Street.

I was born in England and lived there until 1966, when my husband and I decided to move to Pretoria with our three children. As Melrose House had been untenanted since the death of Mr. Heys's son-in-law, Mr. Christie, Tudor Estates, the Heys family business which owned the house, arranged for us to live there. We had not been installed for more than a couple of weeks when I received a telephone call from a very polite gentleman who introduced himself as Mr. Robertson of the "Pretoria News". He asked if he and one or two other members of the Old Pretoria Society could come up to the house "and look through some of the fascinating books and papers connected with Old Pretoria that you have there." I had to refuse, for various reasons, but the call amused me at the time. Coming from a town which was a thriving settlement when the Romans marched in, and where a schoolfriend of one of my children lived in a house that was a thousand years old, the idea that anything in Pretoria could be described as old or that there could be scope for an Old Pretoria Society just seemed funny. However, on further thought I realised that when a town has only been in existence for just over a hundred years anything in it which has been there for seventy or eighty years is, relatively speaking, old.

Furthermore, I was interested in the suggestion that there were historical papers in the house and when I had a spare afternoon I started looking. In the event there proved to be very little. One interesting item came to light, however, amongst a pile of old family snapshot albums in the bottom of a cupboard. This was a battered old album of faded sepia photographs, the pages brown at the edges. On the flyleaf was inscribed in a beautiful copperplate hand, "Pretoria Besieged. In Photographs by H. F. Gros." The thirty or so pictures were fascinating — an empty street with grass sprouting, bearded amateur-looking soldiery (one of them marked "Oupa" with an arrow), a heap of bones and skulls on a road, tents and sandbagged parapets, women and children queuing for rations being handed out by a gentleman in an improbable grey top hat, a party of rustic-looking haymakers — but

nowhere a date. I asked everyone I knew, "When was Pretoria besieged? What war was that?" And to my astonishment nobody I asked knew, or had even heard of a siege! By the time I met someone who did know the answer I had already found it for myself, in a book inscribed "Mr. and Mrs. Geo. Heys, with the best wishes of J. and A. Nourse, 1885." The book was Charles du Val's "With A Show Through Southern Africa."

From then on I was hooked, addicted to the pursuit of Kruger's Pretoria, spurred on by the discovery that most people in Pretoria seemed to know even less about the subject than I did.

As to the first question — how do I find it all out — I ask questions, endless questions, of anyone I can persuade to listen to them and who I think may know something. And like Kipling's Elephant's Child my curiosity is insatiable and I go on asking questions, even though many of the answers I am given prove to be wrong!

Having devoured and greatly enjoyed Du Val's book I read all the contemporary accounts of the Transvaal of the '70's, '80's and '90's that I could lay my hands on, buying copies whenever possible. I read in quick succession Harry Struben's "Recollections of Adventures," Carl Jeppe's "The Kaleidoscopic Transvaal," Sir John Kotze's "Memoirs and Reminiscences," Percy Fitzpatrick's "The Transvaal From Within," "A Woman's Part in a Revolution" by Mrs. John Hays Hammond, Lady Phillips's "Some South African Recollections," Sam Kemp's "Black Frontiers," Baines' "The Gold Fields of South East Africa," Luscombe Searelle's "Tales of the Transvaal," Mrs. Sarah Heckford's "A Lady Trader in the Transvaal" and several others. Many of the books contradicted each other. In the same way many people asked for information told me conflicting stories.

This way I soon developed a healthy cynicism: I now believe almost nothing of what I am told, a little of what I read and about half what I see. The first result of my researches among original sources was the certain knowledge that most of what I am told, and a great deal that has got into print, is simply part of the corpus of South African myth and legend with only the most tenuous connection with the facts. I now no longer believe a story until at least two, and preferably three, normally reliable sources agree on it.

For the detailed research necessary for writing the Landmarks of Old Pretoria series it is simply a matter of working methodically through the records and photographs available in such places as the Transvaal Archives at the Union Buildings and the Africana Museum. Valuable clues can be gleaned from the four volumes, published over ten years from 1879, of Jeppe's "Transvaal Book, Almanac and Directory" and I am grateful to Dr. Punt for putting me onto them. There is useful material, from my point of view, in the first edition of Brown's Guide to South Africa, published in 1893, and I was able to pick up an

immaculate copy very cheaply in a sale in Johannesburg. And a good friend loaned me a copy of Lochhead's Directory of Pretoria of 1913.

One needs a jig-saw mentality, of the kind that, presented with a single disconnected fact, immediately either fits it into place with other known connected facts, or files it neatly as "sky", "outside piece" or "grass" to be used when a bit more of the picture is filled in. And the picture is filled in all the time, in odd ways, missing bits turning up in unexpected places. Total strangers offer photographs or odd tit-bits of information — not always correct, of course, but often offering clues that lead to something useful. And serendipity, the happy knack of finding something you were not looking for, plays its part. For instance, while hunting in the Deeds Office records for information on a house in Andries Street, suddenly the answer to a question I first asked three years before and to which I never expected to find an answer, jumped up off the page at me. The question was "Where did George Heys and his family live between their arrival in Pretoria in 1879 and the completion of Melrose House in 1886?" The answer was, at the corner of Minnaar and Andries Streets, where George Heys bought erf 748 when the street was laid out in 1876. The further information that he sold it to James Calvert Poynton enabled me not only to find that the house was named "Natal Villa" (Mr. Heys was born in Durban) but to obtain photographs of it.

This was only a minor and relatively unimportant piece of the jigsaw, but other larger and more generally interesting pieces have turned up in the same sort of way. A lot of tantalising sections of the picture of Old Pretoria are still missing but I expect to have a deal of pleasure in the search for them.

Postscript: While typing out this article I was interrupted by the door bell. The piano tuner. Seated before the piano, spanner in hand, ready to begin, he turned round and said, "Tell me, Mrs. Allen, how do you find out all the things you put in your articles?" "Luck," I replied, "just luck, and a long memory."

Copyright 1970.

VIVIEN ALLEN.

RUGBYSRINGBOKKE NA WIE STRAATNAME IN DANVILLE, PRETORIA VERNOEM IS

(*Vervolg*)

ALBERTYN, Pieter Kuypers (bygenaamd „P.K.” of „Pierre”) is op 27 Mei 1897 op die plaas „Lamloch”, distrik Caledon, K.P., gebore.

Van die Botrivier-plaasskool gaan hy in 1908 na die Seunshoër, Stellen-

bosch, waar hy daarna aan die Victoriakollege tussen die jare 1916 en 1920 studeer. Aan die Guy's Hospital, Londen, studeer hy vanaf Oktober 1920 tot Februarie 1923 in tandheekkunde.

Vanaf Junie 1923 tot Februarie 1965 het hy as tandarts gepraktiseer op George, K.P., waar hy tans nog (1970) woonagtig is en in November 1969 deur skrywer deses persoonlik om inligting genader is.

Uit „P.K.” se huwelik op 6 Junie 1923 met ene mej. Anna Oosthuizen is daar twee kinders gebore, nl. Philippa en P.K.

In 1910 het sy rugbyloopbaan op Stellenbosch begin en tot 1931 geduur.

Hy het in 1924 die Springbokke as kaptein aangevoer teen R. Cove-Smith se Britse Toerspan alhier. Die eerste proefwedstryde om die Springbokspan teen genoemde Britse span te kies, is in Johannesburg sonder „P.K.” gehou. 'n Week voor die toets is die proewe in Durban voortgesit. Tot sy verbasing kry „P.K.” telefonies opdrag van Oubaas Mark om daaraan deel te neem. Die keurders het toe al reeds die name bekend gemaak van 17 spelers wat hulle vir die toets gereed moes hou — die spel in Durban was dus 'n soort oefenwedstryd vir die Springbokspan. „P.K.” se naam was nie op die lys nie. In Durban is hy aangesê om saam met die ander te gaan speel met die bevel: „But don't make a bloody fool of yourself.” Daardie aand word die Springbokspan bekend gemaak en Pierre is die kaptein!

Hy het toe al in George gepraktiseer.

„P.K.” was een van Oubaas Mark se driemanskap „world beaters” — Bob, Japie en Pierre. Hy was slegs 17 jaar toe Oubaas Mark hom teen Somers-Wes inspan en dit nadat hy daardie oggend vir die skool gespeel het. En hy hardloop daardie dag met sy verbysterende systap tweekeer by die vermaarde Gerard Morkel verby.

Pierre Albertyn (later Springbokkaptein) was lid van mnr. Paul Roos se onder-sewentienspan toe hy eendag nie sy Latynles na mnr. Roos se sin voorberei het nie. Oom Polla dreig toe om hom weg te laat uit die volgende Saterdag se span, waarop Pierre antwoord: „ek moet Saterdag vir Stellenbosch se eerste span speel.”

Albertyn word nog beskou as een van die grootste spelers wat ooit geleef het — as dit **moontlik** was om 'n ding te doen, het Pierre dit gedoen.

In 1919 toe hy vir Stellenbosch teen Villagers in 'n senior wedstryd op Nuweland vleuel gespeel het, „Pierre Albertyn ran through to score 6 tries in the first 15 minutes of the game — something probably unparalleled in a first-class rugby anywhere in the world.”¹⁾

Na die wedstryd teen die Weermagspan van Nieu-Seeland (1919) toe Pierre beseer is, is gemeen dat hy nooit weer sou speel nie Maar hy het die stryd teen sy knie deels gewen hoewel hy die linkervleuelposisie vir die senter moes verruil. Toe hy na Guys-hospitaal is, was hy hulle kaptein, en speel toe ook vir die Barbarians.

Die eenaardige van Pierre se loopbaan is dat hy nooit provinsiale rugby gespeel het voordat hy nie alreeds vir S.A. gespeel het nie.

- BRONNE: (1) PARKER, A. C. : **Giants of S.A. Rugby**
(2) CRAVEN, dr. D. : **Oubaas Mark**
(3) CRAVEN, Danie : **Springboks Down the Years**
(4) Persoonlike mededelings per brief.

ASHLEY, Sydney, het die rugbyspringbokkleure in 1903 gedra teen die Britte wat teen Suid-Afrika alhier kom speel het. Hy was eintlik 'n dubbele Springbok (rugby en krieket) en sy broer W. A. Ashley, het in 1888 vir Suid-Afrika krieket gespeel.

Sydney is op 23 Februarie 1878 te Kaapstad gebore en ontvang skoolonderrig aan die Diocesan-kollege.

Hy het as Doeanebeampte gewerk en later die Northern Timber Co. op Politsi begin.

Hy is in Januarie 1959 oorlede.

- BRONNE: (1) **Rugby in Suid-Afrika** uitgegee deur Johnston & Neville ten behoeve van Die S.A. Rugbyraad.
(2) **S.A. Who's Who**, 1908, bl. 11.

BARRY, Joe, is in 1880 op Swellendam gebore en in 1969 oorlede. Hy het aan die Diocesan-kollege geleer en was later 'n hotelbestuurder.

Hy het teen die Britte alhier in 1903 in al drie die toetswedstryde gespeel en die laaste toets op Nuweland (op Saterdag, 12 September) waarin hy een van die vleuels was, was sy sesde wedstryd teen die toerspan.

- BRON: CRAVEN, Danie: (i) **Springboks Down the Years**
(ii) Persoonlike mededeling.

BISSET, William Molteno, speel in 1891 in twee internasionale wedstryde teen die besoekende Britte, nl. die 1ste wedstryd op Donderdag, 30 Julie, op die krieketveld, Port Elizabeth en die 3de (en laaste) een op Saterdag, 5 September, op Nuweland.

In 1896 was hy die S.A. bestuurder van die tweede Britse span wat ons land besoek het. Op daardie toer het hy ook as skeidsregter opgetree, o.a. in die 2de internasionale wedstryd op 22 Augustus te Johannesburg. Sy twee broers, Murray en A. V. Bisset het vir S.A. krieket gespeel.

Hy is op 11 September 1867 te Kenilworth, Kaapstad, gebore; praktiseer later as prokureur en is ook president van die Regsvereniging van die „Kaap de Goede Hoop”.

Hy is in Februarie 1956 oorlede.

BOYES, H. C., speel vleuel in die heel eerste internasionale rugbywedstryd wat deur S.A. teen 'n Britse toerspan onder Kapteinskop van W. E. Maclagen hier te lande gespeel is — die wedstryd op Donderdag, 30 Julie 1891 te Port Elizabeth.

Volgens mondelinge mededeling van dr. Danie Craven, huidige voorsitter van die S.A. Rugbyraad, is Boyes te Kaapstad gebore en het later skoolonderrig aan die Diocesan-kollege aldaar ontvang.

- BRONNE: (1) CRAVEN, Danie : **Springboks Down the Years**
(2) **S.A. Who's Who**, 1908, bl. 33.

BRAINE, John Sydney, is in Kimberley in 1891 gebore, en het skoolonderrig aan die Kimberley Boys High School ontvang. Hy het vir Kimberley en Griekwaland-Wes voorspeler gespeel en in 1912 die S.A. rugbytoer onder kapteinskap van Billy Millar deur Brittanje meegemaak. Hy was toe slegs 21 jaar oud.

- BRONNE: (1) **Rugby in Suid-Afrika**
(op bl. 120 verskyn Braine op die 1912-toerspanfoto)
(2) CRAVEN, D. H. : **Springbok-annale (Rugby)** 1889-1964
(3) Brief van Kimberleyse Publisiteitsvereniging, ged. 25 Julie 1967

BURMEISTER, Arthur R., is in 1884 te Kaapstad gebore. Hy het vir Hamiltens en die W.P. rugby gespeel, en as heelagter die S.A. toer na Brittanje in 1906/7, onder kapteinskap van Paul Roos, meegemaak. Tydens die toer in die wedstryd teen Somerset, „we win by a handsome yet the smallest margin so far, but we lose our fullback, Burmeister, who is carried off in the first half with fractured ribs.”)

- BRONNE: (1) CRAVEN, Danie : **Springboks Down the Years**
(2) CRAVEN, D. H. : **Springbok-annale (Rugby)** 1889-1964.

CAROLIN, Harold William (“Paddy”), speel vir S.A. teen die besoekende Britte op 12 September 1903 in die 3de internasionale wedstryd op Nuweland. Hy is ook lid van die Paul Roos-toerspan na Brittanje in 1906/07 en tree op as onderkaptein.

Carolyn is op 10 April 1881 te Alicedale, K.P., gebore en het aan die Diocesan-kollege, Kaapstad skoolonderrig ontvang. Hy praktiseer later as prokureur en is in 1966 oorlede.

- BRONNE: (a) CRAVEN, Danie: (i) **Springboks Down the Years**
(ii) **Springbok-annale (Rugby)** 1889-1964
(iii) Persoonlike mededelings.
(b) **S.A. Who's Who**, 1908, bl. 65.

CLARKSON, Walter Arthur, is op 8 Julie 1896 te Durban gebore en ontvang sy opleiding aan die Pietermaritzburg-kollege.

In 1921 verteenwoordig hy S.A. as Natalse agterspeler in die springbokspan na Nieu-Seeland. Hy was toe in sy 25ste jaar. In 1924 is hy weer lid van die springbokspan teen die Britse toerspan alhier.

- BRONNE: (a) CRAVEN, D. H. : **Springbok-annale (Rugby)** 1889-1964
(b) **Byvoegsel, Die Huisgenoot**, 17.9.56 : „1921 se Springbokke.”

CLOETE, Henry Arthur, („Patats”) is in 1873 te Constantia, K.P. gebore en ontvang opleiding aan S.A.C.S. en die Teachers' Training College in die Kaap.

In 1896 in die 4de toets op Saterdag, 5 September op Nuweland, speel hy en nog twee ander W.P.'s (Van Broekhuizen en Paul de Waal) vir S.A. teen Johnny Hammond se besoekende toerspan.

Van die voorspelers wat daardie dag vir ons gespeel het, was hulle die enigste driestuks wat nie S.A. vantevore verteenwoordig het nie.

- BRON: CRAVEN, Danie : **Springboks Down the Years**.

CRONJE, Stephanus Nicolas, verteenwoordig Transvaal in die springboktoetspan teen Brittanje in 1912.

Hy is op 24 April 1886 te Klerksdorp gebore, en besoek die St. Andrews College, Grahamstad, en die Oxford University. Later praktiseer hy as prokureur.

BRON: Mededelings deur dr. Danie Craven.

COPE, Dave, speel teen die Britte in 1896. „ . . . at full-back, young Cope was barely sixteen when he represented W.P. — now he is in Transvaal, and it is as a player from that province that he made the S.A. side . . . ”¹⁾

In die tweede internasionale wedstryd (op Saterdag, 22 Augustus 1896, te Johannesburg) het S.A. vir die eerste keer in ons geskiedenis punte in 'n internasionale wedstryd aangeteken. T. A. Samuels het die eer gehad om albei drieë te druk.

Dave Cope wat een van die drieë vervyf het, is in 1898 by Mostertshoek naby Matjiesfontein verongeluk toe hy en A. M. (Boy) Tait na Kaapstad per trein onderweg was om by die Transvaalse Curriebekerspan aan te sluit. Hy was slegs 18 jaar oud (is in 1879 te Kaapstad gebore) toe hy sy W.P.-kleure 'n paar jaar vantevore gekry het.”²⁾

BRONNE: (1) CRAVEN, Danie : **Springboks Down the Years**
(2) CRAVEN, D. H. : **Springbok-annale (Rugby)** 1889-1964.

DANEEL, Hendrik Johannes, is op 4 Mei 1881 te Heidelberg, K.P., gebore. Matrikuleer aan die Riversdalse Hoërskool en bekwaam hom as landmeter aan die Victoria-kollege, Stellenbosch. As student is hy gekies vir die springbokspan wat in 1906 onder kapteinskap van Paul Roos deur Brittanje getoer het. Hy was toe pas 25 jaar oud en een van die jongste lede van die span.

As landmeter het hy in die distrikte van Bredasdorp, Swellendam en Montagu gepraktiseer. Op Swellendam het hy in die huwelik getree met 'n mooi Johanna Elizabeth Burger. Uit die huwelik is twee dogters gebore.

In 1922 is hy na Grey's Hospitaal in Londen waar hy hom as tandarts bekwaam. Eers het hy in Kaapstad gepraktiseer waar hy ook die Tuine-rugbyspan help stig het. In 1932 verhuis hy na Montagu alwaar hy as tandarts praktiseer tot sy dood toe op 7 Januarie 1947. Op Montagu het hy ook die plaaslike rugbyspan in die lewe help roep en as skeidsregter opgetree.

BRON: Skriftelike mededeling van ds. George Daneel, Pretoria, wat ook op sy dae rugbyspringbok was (in 1928 en 1931/32).

DELANEY, Edward, is nog 'n voorspeler van Kimberley en Griekwaland-Wes wat ons springbokkleure op die rugbytoer in 1912/13 teen Brittanje gedra het. Toe was hy pas 20 jaar oud.

Hy is in 1892 te Kimberley gebore waar hy aan die Christian Brothers College skoolonderrig ontvang het.

BRONNE: CRAVEN, D. H.: : (i) **Springbok-annale (Rugby)** 1889-1964
(ii) Mededelings.

DE VILLIERS, Henry Alexander, (bygenaamd „Boy” of „Boy Bekkies”) was die 23 jarige senter van W.P. wat onder Paul Roos in 1906-07 teen die Britte oorsee gespeel het. Hy was ’n neef van Japie en Willie Krige, het skoolonderrig aan die Paarl-gimnasium en universitêre opleiding aan die Victoria-kollege, Stellenbosch ontvang.

„The Stellenbosch three-quarter line, composed of Krige, Loubser, H. A. de Villiers and Anton Stegmann, became the talk of the S.A. rugby world and the scourge of their opponents.”²⁾

Na Van Rynefeld was hy breier van die rugbyspan van die Universiteit van Kaapstad. Later het Freddie en Richard Luyt wat hul rugbyloopbane onder Oubaas Mark op Stellenbosch begin het, vir die Ikeys (U.K.) gespeel, met „Boy Bekkies” (Japie Krige se eertydse sentermaat) as hul afrigter. Dat hy ’n goeie afrigter was, is nie te betwyfel nie. Hy het Oubaas Mark se metodes Ikeys toe geneem en sy eie bygevoeg, maar het dikwels met Oubaas Mark se kalwers geploeg. Hier het ons die geval van die twee Luyts (hulle was twee uit ses van Oubaas Mark se 1910-springbokke), hulle broer John wat in 1912 Springbok word, ens. Tog het dit Oubaas Mark glad nie gehinder dat Boy die eer gekry het nie. Die spelers het die hoogste sport bereik en dit was belangriker as persoonlike eer.

BRONNE: (1) PARKER, A. C. : **Giants of South African Rugby**
(2) CRAVEN, dr. D. : **Oubaas Mark**
(3) **S.A. Who's Who** 1908, bl. 263.

DORMEHL, Peter Joseph, is in 1873 te Kaapstad gebore, en ontvang onderrig aan die Wynberg-hoërskool en aan S.A.C.S. Hy was bosbou-beampte.

In 1896 het hy as W.P.-speler vir Suid-Afrika op die rugbyveld gespeel teen die Britse toerspan. Hy was ’n nuweling op die derde toets wat die Britte op 29 Augustus op Kimberley met 9-3 gewen het, en speel ook in die laaste toets op 5 September te Nuweland.

BRON: CRAVEN, Danie : **Springboks Down the Years.**

DUFF, Ben, wat die W.P.-span as kaptein aangevoer het teen die besoekende Britte in 1891, het ook vir Suid-Afrika in die allereerste internasionale wedstryd gespeel, nl. in Julie op die Crusadersveld, Port Elizabeth, asook op die ander twee toetswedstryde te Kimberley en op Nuweland, Kaapstad.

Ben Duff was ’n Kapenaar van geboorte en het aan S.A.C.S. onderrig ontvang.

BRONNE: (a) **Rugby in S.A.** Uitgegee deur Johnston & Neville ten behoeve van Die S.A. Rugbyraad.
(b) CRAVEN, Danie : **Springboks Down the Years.**

— G. J. VAN ECK.

DIE LOTGEVALLE VAN DIE STAATSMODELSKOOLO-GEBOU: 1948-1960

“**O**UR present building was then used first as a Primary School and then as a Junior High School. Now the wheel has turned full circle. It is again being used to house a Mixed High School . . .”, aldus waarn. Hoof R. Ogden in die *Clapham High School Magazine*, 1948 (p. 15) wanneer hy verwys na die hoërskool wat in die vroeë jare van ons eeu in die Staatsmodelskool-gebou gehuisves was.

In die tweede uitgawe van hierdie skoolblad (pp. 6-7) is o.m. vermeld dat mnr. William Beverley Clapham, wie se naam aan die skool verbind is, op 29 Maart 1949 in Pretoria oorlede is. Hy is in 1878 in Yorkshire gebore, het as 'n seun na Suid-Afrika gekom, sy onderwys op Johannesburg afgerond en na die Anglo-Boereoorlog in Pretoria kom woon waar hy 'n groot aantal jare as plaaslike bestuurder van die firma Hunt, Leuchars en Hepburn opgetree het en, soos reeds vermeld, 'n belangrike rol in onderwys-aangeleenthede gespeel het. Verder lees ons:

„The unstinted service that Mr. Clapham rendered to the cause of education in the Transvaal received its recognition last year when it was decided to name the new Pretoria High School after him. We all hope that the Clapham High School may become a fitting memorial to Mr. Clapham's lifetime of devoted voluntary work in the interests of the young people of our capital city”.

In dieselfde uitgawe (p. 11) word die volgende besonderhede oor die skoolwapen, -kleure en die leuse verstrekk:

„From the Clapham Arms we took the school colours and the fleurs-de-lys. The badge in its final form — a shield depicting two heralds' trumpets symbolic of proclaiming the future and surmounted by the school motto — was designed by Mrs. Cicely Krige, B.A. (Fine Arts). The motto, 'In Deo Nostra Fides' (In God our Faith), with a slight alteration is based on the motto in French of the Clapham Family.”

In 1948 het die Transvaalse Provinsiale Administrasie besluit om R8 000 aan die opknapping van die C.H.S.-gebou te bestee. Die bestaande meubels is gedeeltelik vervang en reëlins is getref dat biblioteekboeke verskaf sou word. Op 4 Augustus 1948 is vermeld dat die voormalige prinsipaalskantoor as voorraadkamer gebruik is¹.

Op 21.12.1948 het die skoolraad, saam met inspekteur B. O. Meyer die aansoeke om die prinsipaalspos van die C.H.S. nagegaan. As eerste, tweede en derde keuse is onderskeidelik mnr. M. S. Geen, J. E. Davies

en G. L. Edwards aanbeveel. Met ingang van 18 Januarie 1949 is eersgenoemde deur die T.O.D. as hoof aangestel.

Op dié tydstip het die C.H.S. 219 leerlinge getel waarvan 165 in st. 6 en 54 in st. 7 en hoër, onderrig ontvang het. Die getal het gedurende die volgende kwartaal op 222 en tydens die derde kwartaal op 228 gestaan. Op dié tydstip was die personeel soos volg saamgestel: Mnr. M. S. Geen (hoof), mnr. W. H. M. Barnard (Lig. Opv.), mej. I. E. Gevers (VI C), mnr. R. G. Gibson (VIII), mnr. J. H. M. Heykamp (VI D), mej. R. M. (VI B), mnr. F. H. Salmon (VI F), mej. E. Smulders (VII), mej. A. van der Walt (VI A), mnr. W. A. Walker (VI E). Tydelik was werksaam: Mev. C. M. Krige (Kuns) en mnr. R. Ogden. Gedurende die vierde kwartaal was die aantal inskrywings 230 en die personeel soos gedurende die derde kwartaal.

Op 23 Mei 1949 het die skoolkomitee, bestaande uit eerw. R. B. Mitchell (voorsitter), mnre. C. M. Cox, G. M. Lancaster, W. J. Mouton, kol. L. du Toit en mnre. R. D. Gammell en H. M. Holloway tot stand gekom, terwyl reeds in Februarie en Maart voorbereidings getref is om 'n ouerkomitee in die lewe te roep. Aangewys is mnre. B. Collyer (voorsitter), W. Sewell, mev. B. Dickinson, kapt. C. Wilson, mev. R. Turnbull, mnr. A. J. Stilwell, mev. A. Rex en mnr. T. Goosen.

In die skoolblad van 1949 is verder vermeld dat mnr. Geen, afkomstig van Devonshire, sy B.A.- en M.A.-graad aan die Witwatersrandse Universiteit verwerf het en 12 jaar lank geskiedenis aan die *Potchefstroom High School for Boys* gedoseer het voordat hy as prinsipaal van die C.H.S. benoem is. Hy het bekend geword as die skrywer van „The Making of the Union of South Africa.” Mnr. Barnard, 'n bekende voetbalspeler, moes sy werksaamhede tussen die C.H.S. en die C.J.H. verdeel; mnr. W. A. Walker het sy onderwysloopbaan in Noord-Jerland begin en mnr. H. J. M. Heykamp was voorheen werksaam aan die *Boys' High* (Pretoria), terwyl mnr. J. E. Davies, M.B.E., M.A. as onderhoof aangestel is.

Die skoolhuise is genoem na die bekende Poolreisiger kapt. Scott en sy metgeselle lt. Bowers, kapt. Oates en dr. Wilson.

By geleentheid van die eerste prysuitdeling-plegtigheid, het die Administrateur, Sy Ed. dr. Wm. Nicol, die leerlinge toegesprek, terwyl mev. Nicol die pryse oorhandig het. Vermelding verdien ook die totstandkoming van die *Clapham Memorial Library* in 1949.

Kort voordat bogenoemde byeenkoms plaasgevind het, is Pretoria op 17 November deur 'n kwaai haelstorm getref. Twee gedeeltes van die dak, bokant die sentrale gang van die C.H.S., het afgewaai en 39 venster-ruite het in die slag gebly.

In 1945 was die aantal leerlinge 345, waarvan 16 in st. 9. Die akkommodasie-vraagstuk was oënskynlik opgelos, maar het in werklikheid, sowel ten opsigte van Afrikaans- as Engelsmedium-middelbare skole in Pretoria steeds moeiliker begin word.

Gedurende die tydperk 1945-1950 het die aantal Afrikaansmedium-middelbare skole van 7 tot 8 en die totale inskrywings van 3 242 tot 4 666, m.a.w. met 1 424 toegeneem. Die aantal Engelsmedium-middelbare skole het van 3 na 4 en die totale inskrywings van 1 766 na 1 981 opgeskuiwe. Die skoolterrein van die C.H.S. was te klein vir georganiseerde en ongeorganiseerde spele, en 'n sportterrein moes op ongeveer $2\frac{1}{2}$ km afstand van die skool gehuur word. Die C.J.H. kon nog 'n klein aantal leerlinge meer opneem, terwyl die twee ou Engelsmedium-hoërskole vol was. In dieselfde verslag waarin hierdie gegewens vermeld is, is onder algemeen onomwonde verklaar dat indien daar in Augustus 1950 1 200 inskrywings in Pretoria bykom, honderde leerlinge sou moes omdraai².

